# TWEEDE ADVENT: VERKONDIG DIE EVANGELIE!

MARKUS 1:1-8

HY BEGIN ONGEWOON
Markus begin die verhaal oor Jesus op ‘n nogal **ongewone manier**. Hy begin **nie** soos Matteus en Lukas by Jesus se geboorte nie. Hy vertel nie van engelesang, herders in die ope velde of Wyse Manne wat ‘n besondere ster opgelet het nie. Nee, luister weer hoe begin hy: *(lees vers 1).*

DIE OPSKRIF Sê BAIE
Hierdie woorde is eintlik **die opskrif** van die hele geskrif. Dit sê vir die lesers waaroor dit gaan. Op daardie stadium het hulle papirusrolle gebruik om op te skrywe . Wanneer iemand dus hierdie rol van die rak afgehaal het en die eerste sinnetjie gelees het, kon hy weet wat om verder te verwag.
1. HY VERKONDIG <u>DIE EVANGELIE</u>
Is dit **‘n roman?** Is dit ‘n speurverhaal? Nee, dit is EVANGELIE. Letterlik beteken dit GOEIE NUUS – *“news that makes one happy, words that bring smiles”.* Wie sal so ‘n geskrif nie graag verder wil lees nie! Wat hy te vertelle het, is wonderlike nuus omdat dit te make het met die mens se **verlossing** uit sy/haar grootste nood en ellende. Dit is ‘n boodskap van **vreugde en vrede**!
2. DIT GAAN OM JESUS
Tweedens: Dit gaan om JESUS – wat letterlik. *“Die Here is verlossing”* beteken. HY is die **inhoud** van die evangelie. Die verhaal oor Jesus is die Goeie Nuus.
Derdens: Dit gaan om Jesus die
3. CHRISTUS
Daar was destyds ook ander met die naam Jesus, maar hierdie Jesus was die CHRISTUS, die Messias, wat *“Gesalfde”* beteken.
Vierdens: Dit gaan om Jesus Christus, die
4. SEUN VAN GOD
Markus lê baie klem daarop dat Jesus God se Seun was. In vers 11 haal hy byvoorbeeld die woorde van **die stem** uit die hemel aan toe Jesus gedoop is en wat gesê het: *“Jy is my geliefde Seun…”* In 3:11 bevestig **die onrein geeste** dit al skreeuende: *“U is die Seun van God!”* By die kruis bely die **Romeinse soldaat**: *“Hierdie man was werklik die Seun van God” (15:39)*

HY <u>VERKONDIG</u> JESUS
Hoewel Markus **die kortste** van die vier evangelies is, vermeld dit **meer gebeure** as enige van die ander drie. Hy probeer egter nie ‘n *lewensbeskrywing* van Jesus gee nie. Wat hy doen, is om Jesus te *verkondig*. Hy **rangskik** daarom ook nie die gebeure noodwendig in die volgorde soos wat dit gebeur het nie, maar soos wat dit inpas by sy bedoeling. Daar was nog baie **lewende oog- en oorgetuies** wat die waarheid van sy berigte sou kon bevestig omdat hulle dit self beleef het. Dit was dinge wat tussen dertig en veertig jaar vantevore gebeur het en tot op daardie tydstip mondelings oorvertel is. Ons is **die Heilige Gees baie dankbaar d**at Hy iemand gelei het om die beskikbare inligting tot een geskrif saam te voeg wat ons vandag ken as die evangelie vlg die beskrywing van Markus. Meer as een skrywer het so iets onderneem, maar Markus is **die oudste** van die bekende evangelies. Matteus en Lukas het albei gebruik gemaak van sy inhoud, plus minstens nog een ander geskrewe bron toe hulle hulle geskrifte saamgestel het.

JESUS SE KOMS WAS BAIE BELANGRIK
Markus verwys wel nie na die engele of die ster of die geskenke nie, maar hy laat **op ander maniere** wel sien watter baie besondere betekenis die koms van Jesus na die wêreld toe gehad het.
1. DEEL VAN GODDELIKE PLAN
Sy aanhaling uit die OT in vers 2 laat eerstens sien dat die koms nie maar *per toeval* plaasgevind het nie. Dit was lank vantevore al voorspel, o.a. deur die profeet Jesaja. Dit was alles deel van 'n **goddelike plan** wat al lank vantevore opgestel is.
2. DIE TWEEDE ELIA
Vlg hierdie plan sou daar **eers 'n boodskapper** gestuur word om die koms van die Messias aan te kondig. Die Jode het verwag dat die Messias se koms voorafgegaan sou word deur die koms van 'n profeet soortgelyk aan **Elia**. Vir Markus was dit duidelik dat **Johannes die Doper** hierdie boodskapper was. Sy klere van kameelhaar en die leerband om sy heupe is bedoel om die lesers te herinner aan die profeet Elia se kleredrag waarvan ons in 2 Kon 1:8 lees. Hy is *die tweede Elia*.
Markus benadruk dit dat hy in die **woestyn** opgetree het. Anders as wat ons mag dink, was die woestyn vir die Jode nie net 'n *verlate en onherbergsame plek* nie. Hulle het dit ook gesien as die plek waar God sy mense *voorberei en toerus*. Dis waarmee die Doper besig was. Hy was besig om die mense voor te berei op Jesus se optrede. Hy was die **wegbereider**, die padmaker, die baanbreker.
3. BAIE BEKERINGS
Sy boodskap het **twee fasette** gehad. Eerstens het hy die mense ernstig opgeroep tot **bekering**. Bekering is nie net *spyt* wees oor 'n mens se verkeerde dade nie. Dit behels *'n totale nuwe toewyding* van 'n mens se lewe aan God. DAN is jy **gereed** om Jesus te ontmoet. Ons kan ook sê: DAN is jy gereed om Kersfees te vier en vir Jesus se tweede koms. Bekering is 'n *eenmalige* iets, maar ook 'n *daaglikse* noodsaaklikheid.
As **bevestiging** van die nuwe lewenstyl is hulle dan deur Johannes in die Jordaan gedoop. Die Joodse volk het op grond van die OT verwag dat daar in die *laaste dae 'n groot bekeringsproses* sou plaasvind (bv Jer 31:34). Vlg Markus was dit presies wat daar gebeur het.
4. DIE BELOFTE VAN DIE GEES
Die **tweede faset** van sy bdskp is dat die **belangrikste gebeure en Persoon nog oppad is**. Hy wat Johannes is, is nie die **belangrikste** nie, inteendeel: Hy is nie eers belangrik genoeg om hierdie Een se skoene los te maak nie! Daarmee wil hy sê dat die *verskil* tussen hom en Jesus is selfs groter as tussen 'n slaaf en sy baas. Waar Johannes hulle maar met water gedoop het, sou Hy hulle met die **Gees** doop. Vlg **Joodse verwagting** sou een v d wonderlike kenmerke v d laaste dae juis wees dat God aan al sy kinders die Heilige Gees sou gee. Ook aan DIE verwagting sou Jesus voldoen.
Deur dit alles – die feit dat Jesus se koms deel was van 'n *goddelike plan*; dat Johannes *die tweede Elia* was; dat mense *in groot getalle tot bekering* gekom het; dat Jesus *die Heilige Gees* aan hulle sou gee - wil Markus vir ons **een groot waarheid** onderstreep: Jesus se koms was DIE grootste gebeurtenis in die hele wêreldgeskiedenis (baie groter as die vloed of sogenaamde vloed in **Noag** se dae!). Dit was die **hoogtepunt** van God se planne met die wêreld – en ook die hoogtepunt van sy planne met jou en my. Dis net REG dat die geskiedenis verdeel word in die periode VOOR en NA Christus se geboorte!
Daar is op die oomblik 'n **debat** aan die gang of Noag regtig bestaan het. Dit is nie so belangrik nie – solank as wat ons nie **die kind** saam met die badwater uitgooi nie,

oftewel die Jesuskind saam met die Vloedwater nie! Die Noagverhaal is nie die kern v d bdskp wat ons verkondig nie. Luister hoe som **Paulus die kern** v d evangelie op: *1 Kor 15:1-4 (lees)*

VERSKILLENDE VERKONDIGERS
Die tema van die tweede Advent is VERKONDIGING.
1. MARKUS
Ons het nou iets gesien van Markus as verkondiger van die evangelie.
2. PROFETE
Hy verwys ook na vroeëre verkondigers soos die profete van die OT.
3. JOHANNES DIE DOPER
Hy verwys verder na Johannes die Doper, 'n profeet in die NT. Wat vir my van Johannes die Doper as verkondiger of getuie uitstaan, is sy **nederigheid**. Hy het nie probeer aandag trek nie. Hy wou al die aandag op Jesus vestig. Hy was net die wegbereider, **die padteken**. Padtekens is nie daar om die aandag op hulleself te vestig nie, maar om te sê waar die volgende dorp of stad geleë is. Daarom word hulle ook soms *"predikante"* genoem, want dis wat predikante veronderstel is om te doen: die pad na Jesus toe te beduie.
Uit die latere verhaal weet ons dat Joh se bdskp **nie altyd verwelkom** is nie, inteendeel: Dit het hom sy lewe gekos. Maar hy was **vreesloos** in sy verkondiging. Hy het ook sy **twyfeloomblikke** beleef soos toe hy uit die tronk boodskappers na Jesus toe gestuur het om te hoor of Hy werklik die Messias was en of hulle nog op iemand anders moes wag.
4. JESUS
Ons leer ook vir Jesus as verkondiger ken. Hy was **sowel die Boodskap as die Boodskapper.** Hy het die evangelie *in woorde en dade* uitgedra – *nederig en vreesloos* en is uiteindelik daarvoor gekruisig.
5. DIE VROUE
Markus se evangelie **eindig ewe ongewoon** as wat dit begin. Vlg die beste getuienis eindig die geskrif by 16:8 waar staan: *"Hulle (die vroue) het uit die graf uitgegaan en weggehardloop terwyl hulle gebewe het van die skrik. Hulle het vir niemand anders iets daarvan gesê nie, want hulle was bang."*
6. ONS
Dit stel ons as lesers **voor die vraag**: *"En julle – gaan julle vertel of nie?"* Gaan ons soos die vroue *stilbly*? Of gaan ons hierdie verhaal *verder dra en uitleef*?
Gelukkig dat **die HG** toe gekom het om ons die nodige krag en vrymoedigheid te gee – soos wat Jesus beloof het: *"Maar julle sal krag ontvang wanneer die HG oor julle kom en julle sal my getuies wees... "* (Hand 1:8) Die Goeie Nuus mag nie by ons in **'n Cul de Sac** , in 'n doodloopstraat eindig nie.
Ons taak en voorreg is om **wegbereiders** te wees vir Jesus. Ons kan deur te verkondig en deur verhoudings te bou, **brue bou** na Jesus toe. Johannes **kon nie nms** die mense tot bekering kom nie, maar hy het vir hulle die noodsaaklikheid daarvan en die pad na Jesus toe beduie. Netso kan ons ook nie nms mense vir Jesus aanneem nie, maar ons kan hulle na Hom toe lei. Ons kan dit vir ander **makliker of moeiliker** maak om ook volgelinge van Jesus te word. Ons kan vir hulle 'n brug of 'n struikelblok wees – *"a stepping stone or a stumbling block"*.

SAMEVATTING
Ons kyk met Advent **terug** na Jesus wat gekom het en ons kyk **vorento**e na Jesus wat weer kom. In hierdie tyd word ons **geroep om draers** van hierdie evangelie te wees -

in *woorde en dade, met nederigheid en vreeslose toewyding*. Ons **voorbeelde en inspirasie** is Johannes die Doper en die ander profete en getuies in die Ou en Nuwe Testament en natuurlik Jesus self. Kom, **sê saam met Paulus** in Rom 1:16 *"Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo…"*

Amen
7 Des 2008